

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

05 Junie 2026

Hierdie verslag sal elke 2 weke  
opgedateer word



Gewas toestand  
Crop Condition



Klimaat  
Climate



Vergelyk  
Compare



Opbrenge potensiaal  
Production potential



Gewas opkoms  
Greenup



Kaarte  
Maps



Verslae  
Report

# Indeks

1. [2025 FINALE OPPERVLAKTE BEPLANT EN OESSYFERS](#)
2. [2026 VOORNEME OM TE PLANT](#)
3. [2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT](#)
4. [DEFINISIES](#)
5. [OPSOMMING](#)
6. [REËNVAL](#)
7. [GEWASOPKOMS](#)
8. [GRONDOEG INDEKS](#)
9. [GEWAS TOESTAND](#)

# FINALE OPPERVLAKTE BEPLANT EN OESSYFERS VAN WINTERGRAAN VIR DIE 2025-PRODUKSIESEISOEN



| GEWAS         | FINALE<br>OPPERVLAKTE<br>GEPLANT<br>HA<br>(A) | FINALE OES<br>TON<br>(B) | NOK<br>OPPERVLAKT<br>E GEPLANT<br>HA<br>(C) | NOK FINALE<br>SKATTING<br>TON<br>(D) | FINALE OES vs<br>FINALE<br>SKATTING<br>%<br>(B) ÷ (D) |
|---------------|---|--------------------------|---|--------------------------------------|---|
| <b>Koring</b> | 517 300                                       | 1 905 500                | 517 300                                     | 1 897 220                            | 0,44  |
| <b>Gars</b>   | 96 950  | 345 000                  | 96 950                                      | 346 430                              | -0,41   |
| <b>Kanola</b> | 174 515                                       | 306 000                  | 174 515                                     | 309 035                              | -0,98   |
| <b>Hawer</b>  | 35 520  | 43 500                   | 35 520                                      | 45 143                               | -3,64   |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

# 2026 VOORNEME OM TE PLANT



| GEWAS               | Voorneme*2026 | Opp beplant<br>2025 | Finale skatting<br>2025 | Verandering |
|---------------------|---------------|---------------------|-------------------------|-------------|
| Ha                  | Ha            |                     | Tons                    | %           |
| soos op 26 Feb 2026 |               |                     |                         |             |
| (A)                 | (B)           |                     | (C)                     | (A) ÷ (B)   |
| Koring              | 486 400       | 517 300             | 1 897 220               | -5,97%      |
| Gars                | 101 900       | 96 950              | 346 430                 | 5,11%       |
| Kanola              | 189 175       | 174 515             | 309 035                 | 8,40%       |
| Hawermout           | 39 000        | 35 520              | 45 143                  | 9,80%       |
| Soetlupine          | 21 000        | 21 000              | 17 850                  | 0,00%       |
| Totaal wintergraan  | 837 475       | 845 285             | 2 615 678               | -0,92%      |

# 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT



| Provinsie/<br>Province   | <b>Voorname/<br/>Intentions<br/>Ha<br/>2026</b> | Opp beplant/<br>Area planted<br>Ha<br>2025 | Finale skatting/<br>Final estimate<br>Tons<br>2025 |
|--------------------------|---|--|--|
| Wes-Kaap/Western Cape    | <b>335 000</b>                                  | 363 000                                    | 980 100  |
| Noord-Kaap/Northern Cape | <b>41 000</b>                                   | 40 000                                     | 300 000  |
| Vrystaat/Free State      | <b>55 000</b>                                   | 57 000                                     | 265 050  |
| Oos-Kaap/Eastern Cape    | <b>5 500</b>                                    | 5 500                                      | 37 400   |
| KwaZulu-Natal            | <b>8 000</b>                                    | 8 500                                      | 51 000   |
| Mpumalanga               | <b>3 000</b>                                    | 3 500                                      | 22 400   |
| Limpopo                  | <b>28 000</b>                                   | 28 000                                     | 165 200  |
| Gauteng                  | <b>900</b>                                      | 800  | 5 120  |
| Noordwes/North West      | <b>10 000</b>                                   | 11 000                                     | 70 950   |
| <b>Totaal/Total</b>      | <b>486 400</b>                                  | 517 300                                    | 1 897 220  |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

# Definisies

## **Grondwaterindeks (GWI):**

Die GWI is 'n indikatie van die grondwaterpersentasie regdeur die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddeld. Die 5-jaar gemiddeld dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.

## **Groenblaarindeks (GLI)**

Die GLI is 'n indikatie van gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande oor die meeste winterreënvalstreke bo die 5 jaar gemiddelde.

## **Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

*Al die 2026/27 seisoen data is van 20 Maart tot 04 Junie 2026.*

# Opsomming

## **Reënvalpatrone en -tendense**

Onlangse reënval het gewasontwikkeling in die meeste wintergraanproduksiegebiede ondersteun. Die Suid-Kaap en Overberg het gunstige reënval ontvang, terwyl die Swartland sedert die eerste week van Mei matige reënval ontvang het. Weervoorsigte voorspel gunstige reënval vir die nabye toekoms wat voortgesette gewasontwikkeling sal ondersteun.

## **Grondvogdinamika**


Grondvogtoestande bly gunstig in meeste streke. Nat toestande in dele van die Suid-Kaap het sommige landbou-aktiwiteite vertraag, terwyl voldoende grondvog steeds gewasontwikkeling in die Overberg ondersteun. Verdere reënval in die Swartland sal groei ondersteuning bied vir gewasse wat laat geplant is.

## **Gewasopkoms en -toestand**

Gewastoestande bly oor die algemeen goed, met koring, gars en kanola wat goeie vestiging en ontwikkeling toon. Bolaagbemesting en onkruidbeheerprogramme vorder goed, wat lei dat slakdruk laag bly en grootliks onder beheer is. Hoewel plaaslike skade as gevolg van reënval en swak ontkieming steeds in sekere dele van die Swartland aangemeld word, bly die algehele produksievoorsigte positief.

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het vroeër vandeeweek 'n vlak 8-waarskuwing vir swaar reën in dele van die Wes-Kaap uitgereik, maar tot dusver is nog geen vloede of skade in die graanproduserende gebiede aangemeld nie.

## Totale Reënval/Total Rainfall



### Suid-Kaap

Wydverspreide reënval is regoor die streek ontvang. Die onlangse reën het gunstige produksietoestande gehandhaaf, en weervoorsigte dui op die waarskynlikheid van verdere reënval gedurende die komende weke.

### Swartland


Geen noemenswaardige reënval is sedert die tweede week van Mei in sommige gebiede ontvang nie. Hoewel huidige grondvogvlakke steeds voldoende is, sal verdere reënval voordelig wees, veral om die ontkieming en ontwikkeling van laat aangeplante gewasse te ondersteun. Bo-gemiddelde reënval wat gedurende die eerste week van Mei ontvang is, het plaaslike skade veroorsaak en het in sekere gebiede heraanplantings genoodsaak.

### Overberg

Reënval word tans oor groot dele van die streek ontvang, met veral matige reënval wat in die oostelike produksiegebiede aangemeld word. Die verspreiding van reënval wissel oor die streek, maar bly oor die algemeen gunstig vir gewasgroei en -ontwikkeling.


## Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days

## Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation



|         |          |          |          |           |            |            |         |                       |                                    |                               |                   |                               |                                     |                         |
|---------|----------|----------|----------|-----------|------------|------------|---------|-----------------------|------------------------------------|-------------------------------|-------------------|-------------------------------|-------------------------------------|-------------------------|
| 0-10 mm | 10-25 mm | 25-50 mm | 50-75 mm | 75-125 mm | 125-175 mm | 175-250 mm | >250 mm | Baie Laag<br>Very Low | Middelmatig laag<br>Moderately Low | Effens Laag<br>Slightly Below | Normaal<br>Normal | Effens Hoog<br>Slightly Above | Middelmatig Hoog<br>Moderate Higher | Baie Hoog<br>Well Above |
|---------|----------|----------|----------|-----------|------------|------------|---------|-----------------------|------------------------------------|-------------------------------|-------------------|-------------------------------|-------------------------------------|-------------------------|

# Grondvog Indeks / Soil Water Index



## Suid-Kaap

Grondvogtoestande bly effens bo die langtermyn gemiddeld ná die onlangse reënval. Hoewel vogvlakke gunstig is vir gewasontwikkeling, het nat landtoestande toegang vir bespuitings- en bemestingstoedienings in sommige gebiede tydelik beperk.


## Swartland

Grondvogreserwes bly voldoende ten spyte van beperkte reënval gedurende die afgelope paar weke. Gebiede wat deur oormatige reënval gedurende die eerste week van Mei geraak is, ondervind steeds die gevolge van versuiping en swak gewasvestiging, terwyl ander gebiede by verdere reënval sal baat om grondvogbeskikbaarheid vir later aanplantings te verbeter.

## Overberg

Grondvogtoestande bly effens bo die langtermyn gemiddeld regoor die streek. Huidige vogvlakke ondersteun sterk gewasontwikkeling, en geen noemenswaardige vogbeperkings is aangemeld nie.

## Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District



### Suid-Kaap

Gewasgroei en vegetatiewe ontwikkeling vorder goed. Koring-, gars- en kanolagewasse toon sterk groeikrag, met produsente wat uitstekende gewastoestande regoor die streek rapporteer. Vroeër aangeplante lande toon steeds vinnige ontwikkeling.

### Swartland

Gewasontwikkeling is oor die algemeen positief, veral in kanola en vroeër aangeplante koring. Gewasgroei bly egter wisselvallig in lande wat deur oormatige reënval en swak ontkieming geraak is. Heraangeplante koringlande sal verdere reënval benodig om eenvormige vestiging en ontwikkeling te verseker.

### Overberg

Gewasgroei en vergroening bly matig bo die langtermyn gemiddeld regoor die streek. Kanolalande is besonder goed ontwikkel, terwyl koring en gars gesonde vegetatiewe groei toon. Algehele gewasontwikkeling word beskou as ideaal vir hierdie stadium van die seisoen.

# Gewas Toestand / Crop Condition



|                                  |                                      |                               |                   |                               |                                    |                                  |
|----------------------------------|--------------------------------------|-------------------------------|-------------------|-------------------------------|------------------------------------|----------------------------------|
| Baie Laag<br>Significantly Below | Middelmatig Laag<br>Moderately Below | Effens Laag<br>Slightly Below | Normaal<br>Normal | Effens Hoog<br>Slightly Above | Middelmatig Hoog<br>Moderate Above | Baie Hoog<br>Significantly Above |
|----------------------------------|--------------------------------------|-------------------------------|-------------------|-------------------------------|------------------------------------|----------------------------------|

*\*Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 04 Junie 2026*

# Gewastoeestande

## **Suid-Kaap**

Produksietoestande bly gunstig regoor die streek. Gewasse ontwikkel goed, met koring, gars en kanola wat goeie groei en vestiging toon. Bolaagbemesting het in baie gebiede reeds begin, terwyl onkruidbeheer in kanola byna afgehandel is. Slakdruk is laag en word oor die algemeen as onder beheer beskou. Produsentesentiment bly positief, ondersteun deur gunstige weervoorsigte.

## **Swartland**

Produksietoestande is oor die algemeen positief ondanks sommige uitdagings wat verband hou met die oormatige reënval wat gedurende Mei ontvang is. Kanola presteer oor die algemeen goed, hoewel sommige produsente ontkiemingsprobleme ondervind het in lande wat vroeg in Mei aangeplant is. Koring wat voor die swaar reënval in vroeg Mei aangeplant is, presteer oor die algemeen goed, terwyl plaaslike versuiping en swak opkoms daartoe gelei het dat sommige lande heraangeplant moes word. Aanvanklike chemiese toepassings en bolaagbemesting op kanola is voltooi, terwyl bemestings- en spuitprogramme op koring nou aan die gang is.

## **Overberg**

Produksietoestande bly gunstig regoor die streek. Kanola ontwikkel goed, terwyl koring- en garsgewasse goed gevestig is. Onkruidbeheerbespuitings is aan die gang, en produsente berei voor om siektebeheerprogramme verder te verskerp. Slakskade is beperk tot geïsoleerde gebiede en is aansienlik laer as gedurende die vorige seisoen.

# SLAKKE OF NAAKSLAKKE IN U LANDE?

Dr Vicki Tolmay monitor hierdie seisoen slak- en naakslakpopulasies.

Indien u enige aktiwiteit in u lande opmerk, kontak asseblief:

**DR VICKI TOLMAY**



0734690000



**GSA**  
GRAIN | GRAAN

# DANKIE!

---

Vir enige navrae:

Grain SA

[Heleen@grainsa.co.za](mailto:Heleen@grainsa.co.za) / [Cathrine@grainsa.co.za](mailto:Cathrine@grainsa.co.za) / [Gerrit@grainsa.co.za](mailto:Gerrit@grainsa.co.za)

**Vrywaring:** Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN